MARLOTH PARK

HONORARY RANGERS

☎072 908 0400

www.marlothparkhonoraryrangers.co.za

BATS (Part 2)

Living with bats: (Bats are not vermin)

Smell: Bat guano has very little smell. If there is a strong bat smell in a ceiling, check for roof leaks. Place an old sheet or cardboard in the ceiling to catch dry bat guano for easy cleaning.

Noise: Most bats are relatively quiet except when babies are present. This only lasts about 3 weeks.

Bats in living areas: Some youngsters sometimes enter houses while they are learning to fly. If lights are kept low (but not off) the house is quiet, (turn off TV and do not shout and scream) and the doors and windows opened, most bats will fly out again. If the bat lands, cover it gently with a soft cloth and take it outside and release from a high ledge as described in last month's bat article. (Do not throw into the air).

Exclusion from roofs: Bats can enter holes as small as 10mm in diameter. Bats do **not** chew insulation or make new holes.

Common access points: 1) Where the roof meets the wall and 2) at gable apexes.

Do not close access points during the day or if there are young bats, trapping them inside. Wait until dusk when adults leave and wait until there are no young. (Babies may be present from October to March). Erect bat houses to encourage bats to leave the roof.

IT IS ILLEGAL TO POISON BATS! Do not use moth balls. These cause cancer. Fumitabs kill bats. One cannot disturb bats by noise especially in daylight. They will just hide. If one wants to discourage bats that roost on the eaves of houses try hanging strips of tinfoil from the eaves.

MARLOTH PARK EREVELDWAGTERS

☎ 072 908 0400

www.marlothparkhonoraryrangers.co.za

VLERMUISE (Deel 2)

Hoe om met vlermuise saam te leef (Hulle is nie noodwendig skadelik nie)

Reuk: Vlermuismis ruik nie té sleg nie. Indien u 'n sterk reuk vanuit die plafon waarneem, stel vas of die dak nie dalk lek nie. Plaas een of ander plat voorwerp soos bv. 'n ou laken of 'n stuk karton, op die plafon om enige droë mis op te vang teneinde die skoonmaakproses te vergemaklik.

Geraas: Die meeste vlermuise is relatief stil, behalwe wanneer daar kleintjies onder hulle is en dan slegs vir ongeveer drie weke.

Vlermuise in leefruimtes: Sommige jong vlermuise bevind hulle somtyds aan die binnekant van wonings terwyl hulle leer om te vlieg, Skakel in dié geval,soveel ligte as moontlik af sonder dat dit heeltemal donker is en maak so min geraas as moontlik. Sorg dat die televisie af is en moenie dat iemand iets uitroep of skreeu nie. Maak die deure en vensters oop, want die meeste vlermuise sal hulle weg na buite daardeur vind. Indien 'n vlermuis op die grond beland, moet dit versigtig met 'n sagte materiaal soos linne bedek word en na buite geneem word, waar dit vanaf 'n hoë posisie losgelaat moet word, soos in verlede maand se artikel oor dieselfde onderwerp beskryf. (Moet dit byvoorbeeld nie in die lug opgooi nie).

Hoe om hulle uit die dak te hou: Vlermuise kan toegang verkry deur gaatjies so klein as 10 mm in deursnee. Vlermuise kou **nie** deur isolasiemateriaal of maak nuwe gate nie.

Plekke waar toegang gewoonlik plaasvind:

- Waar die dak en die muur bymekaarkom; en
- By die spitse van gewels.
- Weerhou u daarvan om toegangspunte gedurende die dag toe te maak of in gevalle waar daar kleintjies teenwoordig is en hulle sodoende vasgekeer word. Wag totdat dit skemer is, wanneer die volwasse vlermuise wegvlieg en maak seker dat daar geen kleintjies agtergelaat word nie. (Daar mag kleintjies tussen Oktober en Maart aanwesig wees.) Installeer vlermuishuisies om hulle aan te moedig om die dak te verlaat en daarheen te verhuis.

DIT IS ONWETTIG OM VLERMUISE TE VERGIFTIG. Moenie motballetjies gebruik nie omdat dit kanker kan veroorsaak. Fumitabs is dodelik vir vlermuise. Vergeet dit om te probeer om vlermuise met geraas te versteur, veral in daglig. Hulle sal bloot wegkruip. Indien u vlermuise wat in die oorhange van dakke skuil, wil verwilder, kan die hang van tinfoelie onder die dakrand dalk die probleem oplos.